The State President has been pleased to grant recognition on 24 August 1972, with effect from 4 August 1972, to William George Erin Beckmann as Consul of the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland in Durban with the Province of Natal and that portion of the Province of the Cape of Good Hope to the east of and including the Magisterial Districts of Mount Fletcher, Qumbu, Tsolo, Engcobo, Xalanga, St Mark's, Tsomo, Nqamakwe, Butterworth and Kentani as his area of jurisdiction, in anticipation of the receipt of his Commission of Appointment. Mr Beckmann is the successor to Mr W. W. Wilson.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1705 29 September 1972

AANSTELLING VAN ADJUNK-MINISTER

Hierby word bekendgemaak dat dit die Staatspresident behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 21 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, die aanstelling van Sy Edele James Thomas Kruger, Adjunk-minister van Polisie, van Binnelandse Sake en van Volkswelsyn en Pensioene, ook as Adjunk-minister van Justisie en van Gevangenisse vir die tydperk 11 September 1972 tot 10 Oktober 1972, goed te keur.

Die huidige benaming van die Adjunk-minister bly onveranderd.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 1705 29 September 1972

APPOINTMENT OF DEPUTY MINISTER

It is hereby notified that the State President has been pleased, under the powers vested in him by section 21 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, to approve of the appointment of the Honourable James Thomas Kruger, Deputy Minister of Police, of the Interior and of Social Welfare and Pensions, also as Deputy Minister of Justice and of Prisons for the period 11 September 1972, to 10 October 1972.

The present designation of the Deputy Minister remains unchanged.

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

No. 1725 29 September 1972

OORDRAG VAN BEVOEGDHEDE EN PLIGTE KRAGTENS DIE VOLKSGESONDHEIDSWET, 1919, WYSIGINGSWET, 1927

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 5 (3) van die Volksgesondheidswet, 1919, Wysigingswet, 1927 (Wet 36 van 1927), gelas ek, Schalk Willem van der Merwe, Minister van Gesondheid, hierby dat al die bevoegdhede verleen en die pligte opgedra aan die Dorpsbestuur van Rawsonville kragtens die Volksgezondheidswet, 1919 (Wet 36 van 1919), of enige wysiging daarvan, aan die Afdelingsraad van Worcester vir 'n verdere tydperk van vyf jaar vanaf 1 Augustus 1972 oorgedra word.

S. VAN DER MERWE, Minister van Gesondheid.
19 September 1972.

DEPARTMENT OF HEALTH

No. 1725 29 September 1972

TRANSFER OF POWERS AND DUTIES IN TERMS OF THE PUBLIC HEALTH ACT, 1919, AMENDMENT ACT, 1927

Under the powers vested in me by section 5 (3) of the Public Health Act, 1919, Amendment Act, 1927 (Act 36 of 1927), I, Schalk Willem van der Merwe, Minister of Health, hereby order that all the powers conferred and duties imposed on the Village Management Board of Rawsonville under the Public Health Act, 1919 (Act 36 of 1919), or any amendment thereof, be transferred to the Divisional Council of Worcester for a further period of five years from 1 August 1972.

S. VAN DER MERWE, Minister of Health.
19 September 1972.

No. 1726 29 September 1972

WET OP VOEDINGSMIDDELS, MEDISYNE EN ONTSMETTINGSMIDDELS, 1929 (WET 13 VAN 1929).—TOEPASSING DEUR PLAASLIKE OWERHEDE—HOPEFIELD

Die Minister van Gesondheid magtig die munisipaliteit Hopefield hierby kragtens artikel 2 (3) van die Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels, 1929 (Wet 13 van 1929), om binne sy regsgebied en deur sy behoorlik gemagtigde beamptes en behoudens die verstrekking van sodanige opgawes en verslae in verband met die uitvoering van of handeling kragtens die Wet as wat die Minister verlang, die bepalings van genoemde Wet ten opsigte van enige artikel wat onder die bepalings daarvan ressorteer, uit te voer en te handhaaf, en om vyf monsters van sodanige artikels jaarliks by 'n staatslaboratorium vir gratis ontleding in te dien.

No. 1726 29 September 1972

FOOD, DRUGS AND DISINFECTANTS ACT, 1929 (ACT 13 OF 1929).—ENFORCEMENT OF BY LOCAL AUTHORITIES—HOPEFIELD

The Minister of Health, in terms of section 2 (3) of the Food, Drugs and Disinfectants Act, 1929 (Act 13 of 1929), hereby authorises the Municipality of Hopefield to carry out and enforce, within the area of its jurisdiction and through its duly authorised officers and subject to the furnishing of such returns and reports regarding the implementation of or action taken under the Act as may be required by the Minister, the provisions of the said Act in respect of any article falling within the provisions thereof, and to submit five samples of such articles per annum to a Government laboratory for analysis free of charge.

DEPARTEMENT VAN LANDBOUKREDIET EN GRONDBESIT

No. 1701 29 September 1972

RAAD VAN KURATORE VIR NASIONALE PARKE.—HERAANSTELLING VAN LID

Dit het die Staatspresident behaag om ingevolge artikels 5 en 6 van die Wet op Nasionale Parke, 1962, sy goedkeuring te heg aan die heraanstelling van Sy Edele Andries Heidenrich Vosloo as lid van die Raad van Kuratore vir Nasionale Parke vir 'n verdere tydperk van vyf jaar met ingang van 17 September 1972.

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL CREDIT AND LAND TENURE

No. 1701 29 September 1972

NATIONAL PARKS BOARD OF TRUSTEES.—REAPPOINTMENT OF MEMBER

The State President has, in terms of sections 5 and 6 of the National Parks Act, 1962, been pleased to reappoint the Honourable Andries Heidenrich Vosloo as member of the National Parks Board of Trustees for a further period of five years with effect from 17 September 1972.

No. 1702 29 September 1972

RAAD VAN KURATORE VIR NASIONALE PARKE.—AANSTELLING VAN LID

Dit het die Staatspresident behaag om ingevolge artikels 5 en 6 van die Wet op Nasionale Parke, 1962, Olaf Martiny aan te stel as lid van die Raad van Kuratore vir Nasionale Parke vir 'n tydperk van vyf jaar met ingang van 17 September 1972.

No. 1703 29 September 1972

RAAD VAN KURATORE VIR NASIONALE PARKE.—AANSTELLING VAN LID

Dit het die Staatspresident behaag om ingevolge artikels 5 en 6 van die Wet op Nasionale Parke, 1962, George de Villiers Morrison aan te stel as lid van die Raad van Kuratore vir Nasionale Parke vir 'n tydperk van vyf jaar met ingang van 17 September 1972.

No. 1704 29 September 1972

RAAD VAN KURATORE VIR NASIONALE PARKE.—AANSTELLING VAN LID

Dit het die Staatspresident behaag om ingevolge artikels 5 en 6 van die Wet op Nasionale Parke, 1962, Dirk Cornelis Hermanus Uys aan te stel as lid van die Raad van Kuratore vir Nasionale Parke vir 'n tydperk van vyf jaar met ingang van 17 September 1972.

DEPARTEMENT VAN MYNWESE

No. 1730 29 September 1972

WYSIGING VAN REGULASIES

ORDONNANSIE OP MYNE, BEDRYWE EN MINERALE, 1968 (ORDONNANSIE 20 VAN 1968), VAN SUIDWES-AFRIKA

Die Staatspresident het, kragtens artikel 95 van die Ordonnansie op Myne, Bedrywe en Minerale, 1968 (Ordonnansie 20 van 1968), van Suidwes-Afrika, die regulasies soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing 143 van 1 Oktober 1968 in *Buitengewone Offisiële Koerant* 2927 van Suidwes-Afrika en soos gewysig by Proklamasie R. 89, 1969, van 14 April 1969 en Goewermentskennisgewing R. 817 van 19 Mei 1972, gewysig deur Vorm "C", in Bylae 1 van die regulasies uiteengesit, deur die volgende vorm te vervang:

"C"

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN MYNWESE

Verwysingsnommer.....

PERMIT UITGEREIK KRAGTENS ARTIKEL 28/43* VAN ORDONNANSIE 20 VAN 1968

Toestemming word hierby verleen aan (volle naam).....

.....

die houer van.....

.....

om prospekteer- en/of mynwerksaamhede* soos deur bogemelde regte verleen, uit te voer—

*(a) onderworpe aan die voorwaardes van 'n skriftelike ooreenkoms, gedateer.....19....., aangegaan tussen die permithouer en....., eienaar van die grond;

*(b) onderworpe aan die voorwaardes op.....19..... deur die in artikel 68 van voormelde Ordonnansie bedoelde raad bepaal en in die aangehegte bylae uiteengesit;

*(c) vir 'n tydperk van.....maande eindigende .....19.....

.....

Mynkommissaris

* Skrap wat nie van toepassing is nie.

No. 1702 29 September 1972

NATIONAL PARKS BOARD OF TRUSTEES.—APPOINTMENT OF MEMBER

The State President has, in terms of sections 5 and 6 of the National Parks Act, 1962, been pleased to appoint Olaf Martiny a member of the National Parks Board of Trustees, for a period of five years with effect from 17 September 1972.

No. 1703 29 September 1972

NATIONAL PARKS BOARD OF TRUSTEES.—APPOINTMENT OF MEMBER

The State President has, in terms of sections 5 and 6 of the National Parks Act, 1962, been pleased to appoint George de Villiers Morrison a member of the National Parks Board of Trustees for a period of five years with effect from 17 September 1972.

No. 1704 29 September 1972

NATIONAL PARKS BOARD OF TRUSTEES.—APPOINTMENT OF MEMBER

The State President has, in terms of sections 5 and 6 of the National Parks Act, 1962, been pleased to appoint Dirk Cornelis Hermanus Uys a member of the National Parks Board of Trustees for a period of five years with effect from 17 September 1972.

DEPARTMENT OF MINES

No. 1730 29 September 1972

AMENDMENT OF REGULATIONS

MINES, WORKS AND MINERALS ORDINANCE, 1968 (ORDINANCE 20 OF 1968), OF SOUTH-WEST AFRICA

The State President has, in terms of section 95 of the Mines, Works and Minerals Ordinance, 1968 (Ordinance 20 of 1968) of South-West Africa, amended the regulations published under Government Notice 143 of 1 October 1968 in *Official Gazette Extraordinary* 2927 of South-West Africa and as amended by Proclamation R. 89, 1969, of 14 April 1969 and Government Notice R. 817 of 19 May 1972, by the substitution for Form "C", set out in Schedule 1 to the regulations, of the following form:

"C"

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTMENT OF MINES

Reference No.....

PERMIT ISSUED IN TERMS OF SECTION 28/43* OF ORDINANCE 20 OF 1968

Permission is hereby granted to (name in full).....

.....

the holder of.....

.....

to carry out prospecting and/or mining operations* as authorised by the abovementioned rights—

*(a) subject to the conditions of a written agreement, dated .....19....., entered into between the permit holder and....., owner of the land;

*(b) subject to the conditions determined on.....19..... by the board referred to in section 68 of the abovementioned Ordinance and set out in the attached schedule;

*(c) for a period of.....months ending .....19.....

.....

Mining Commissioner

* Delete whichever is not applicable.

No. 1724 29 September 1972

UITHOU VAN GROND VIR DIE DOEL VAN 'N DORP

Die Staatspresident het 'n stuk geproklameerde grond, ongeveer 134,975 4 hektaar groot, geleë op die plaas Langlaagte 186 IR, distrik Heidelberg, myndistrik Heidelberg, provinsie Transvaal, geregistreer op naam van die Stadsraad van Heidelberg en soos aangetoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke onder RMT R50/71 in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Heidelberg, bewaar word, kragtens artikel 184 van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), vir die doel van 'n dorp uitgehou.

(19/5/1/110)

No. 1724 29 September 1972

RESERVATION OF LAND FOR PURPOSES OF A TOWNSHIP

The State President has, in terms of section 184 of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), reserved for purposes of a township a portion of proclaimed land, approximately 134,975 4 hectares in extent, situate on the farm Langlaagte 186 IR, District of Heidelberg, Mining District of Heidelberg, Province of the Transvaal, registered in the name of the Town Council of Heidelberg and as shown on a sketch plan, copies of which have been filed in the Mining Titles office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Heidelberg, under RMT R50/71.

(19/5/1/110)

DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. 1706 29 September 1972

VERKLARING VAN 'N NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Johannes Petrus van der Spuy, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die Ou Tolhuis in die Michellspas, naby Ceres, tot nasionale gedenkwaardigheid.

BESKRYWING

Die historiese tolhuis in die Michellspas, geleë op 'n stuk grond, bekend as die Ceresdorpsgrond, geleë in die afdeling Ceres (nou bekend as die restant van Erf 1001, Ceres), groot as sodanig 2 720,053 1 morg en gehou onder Kroongrondbrief 89/1933, gedateer 23 September 1933.

HISTORIESE BELANG

Kort na die voltooiing van die Michellspas in 1848 is die Ou Tolhuis opgerig. Hier is tolgelde gehef op diere en voertuie sedert 1 Januarie 1849. Aangesien die Michellspas 'n maklike roete na die noorde oopgestel het en later met die ontdekking van diamante ook op die hoofroete van die Kaap af was, het die tolhuis 'n buitengewone belangrike rol gespeel.

J. P. VAN DER SPUY, Minister van Nasionale Opvoeding.

DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. 1706 29 September 1972

DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Johannes Petrus van der Spuy, Minister of National Education, hereby declare the Old Tollhouse in Michell's Pass near Ceres, to be a national monument.

DESCRIPTION

The historic tollhouse in Michell's Pass, situated on a piece of land, named the Ceres Town Commonage, situate in the Division of Ceres (now known as the remainder of Erf 1001, Ceres), measuring as such 2 720,053 1 morgen and held under Crown Grant 89/1933, dated 23 September 1933.

HISTORICAL INTEREST

The Old Tollhouse was built shortly after the completion of Michell's Pass in 1848. From 1 January 1849 toll charges were collected here on animals and vehicles. Since the Michell's Pass opened an easy route to the north and because, when diamonds were subsequently discovered, it was on the main route from the Cape, the tollhouse played an exceptionally important role.

J. P. VAN DER SPUY, Minister of National Education.

No. 1748 29 September 1972

AANSOEK OM REGISTRASIE OF WYSIGING VAN HERALDIESE VOORSTELLINGS, NAME, SPESIALE NAME OF UNIFORMS EN BESWARE DAARTEEN

[Artikels 7A en 7B van die Heraldiekwet, 1962 (Wet 18 van 1962), soos gewysig]

Ondergenoemde amptelike of munisipale owerhede, verenigings, inrigtings of persone het kragtens artikel 7 van die Heraldiekwet, 1962 (Wet 18 van 1962), aansoek gedoen om die registrasie of wysiging van hulle heraldiese voorstellings, name, spesiale name of uniforms. Enigeen wat teen die registrasie of wysiging van hierdie heraldiese voorstellings, name, spesiale name of uniforms beswaar wil aanteken op grond daarvan dat so 'n registrasie of wysiging inbreuk sal maak op regte wat hom wettiglik toekom, moet dit doen binne twee maande vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing op 'n vorm wat van die Staatsheraldikus, Privaatsak X236, Pretoria, verkrygbaar is.

Aansoeker.—The South African Society of Wine Tasters. (H4/3/12324.)

Naam.—The South African Society of Wine Tasters.

No. 1748 29 September 1972

APPLICATION FOR REGISTRATION OR AMENDMENT OF HERALDIC REPRESENTATIONS, NAMES, SPECIAL NAMES OR UNIFORMS AND OBJECTIONS THERETO

[Sections 7A and 7B of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), as amended]

The undermentioned official or municipal authorities, association, institutions or persons have applied in terms of section 7 of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), for the registration or amendment of their heraldic representations, names, special names or uniforms. Anyone wishing to object to the registration or amendment of these heraldic representations, names, special names or uniforms on the ground that such a registration or amendment will encroach upon rights to which he is legally entitled, should do so within two months of the date of publication of this notice upon a form obtainable from the State Herald, Private Bag X236 Pretoria.

Applicant.—The South African Society of Wine Tasters (H4/3/1/2324.)

Name.—The South African Society of Wine Tasters.

No. 1749 29 September 1972

KENNISGEWING DAT 'N REGISTRASIE VAN 'N HERALDIESE VOORSTELLING, NAAM, SPESIALE NAAM OF UNIFORM GEDOEN IS

HERALDIEKWET, No. 18 VAN 1962

Ondergemelde heraldiese voorstellings, name, spesiale name of uniforms is ingevolge artikel 8 (3), 8A (5) of 9 (3) van die Heraldiekwet, No. 18 van 1962, by die Buro vir Heraldiek, Privaatsak 236, Pretoria, geregistreer of gewysig:

H4/3/1/2295.—Die wapen van die Colliery Training College (Pty) Ltd, soos by Goewermentskennisgewing 915 van 26 Mei 1972 gepubliseer.

No. 1749 29 September 1972

NOTICE OF THE REGISTRATION OF A HERALDIC REPRESENTATION, NAME, SPECIAL NAME OR UNIFORM

HERALDRY ACT, No. 18 OF 1962

The undermentioned heraldic representations, names, special names or uniforms have been registered or amended with the Bureau of Heraldry, Private Bag 236, Pretoria, in terms of section 8 (3), 8A (5) or 9 (3) of the Heraldry Act, No. 18 of 1962:

H4/3/1/2295.—The arms of the Colliery Training College (Pty) Ltd, published under Government Notice 915 of 26 May 1972.

DEPARTEMENT VAN NYWERHEIDSWESE

No. 1716 29 September 1972

WET OP STANDAARDE, 1962

VOORGESTELDE VERPLIGTE STANDAARDSPESIFIKASIE VIR DIE ELEKTRIESE VEILIGHEID EN STELSELSAAMBRUIKBAARHEID VAN KLEUR- EN MONOCHROOMTELEVISIEONTVANGERS

Kragtens artikel 15 (3) van die Wet op Standaarde, 1962, word bekendgemaak dat die Minister van Ekonomiese Sake voornemens is om die standaardspesifikasie in die Bylae vervat tot verpligte standaardspesifikasie te verklaar.

Die betekenis van sodanige verpligverklaring is dat geen persoon vanaf 'n vasgestelde datum, behalwe op grond van 'n geldige vrystellingspermit, enige kleur- of monochroomtelevisieontvanger mag verkoop wat nie in alle opsigte aan die vereistes van die verpligte standaardspesifikasie voldoen nie.

Enige persoon wat beswaar teen die bepalings van die voorgestelde verpligte standaardspesifikasie wil aanteken, moet sy beswaar binne twee maande na die publikasiedatum van hierdie kennisgewing skriftelik voorlê aan die Direkteur-generaal, Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, Privaatsak X191, Pretoria.

BYLAE

VOORGESTELDE VERPLIGTE STANDAARDSPESIFIKASIE

ELEKTRIESE VEILIGHEID EN STELSELSAAMBRUIKBAARHEID VAN KLEUR- EN MONOCHROOMTELEVISIEONTVANGERS

(Metrieke eenhede)

1. BESTEK.

Hierdie spesifikasie dek die veiligheidsvereistes vir kleur- en monochroomtelevisieontvangers wat ontwerp is om teen 'n spanning van hoogstens 250 V w.g.k. te werk, en die veiligheidsvereistes vir kleur- en monochroomtelevisieontvangers wat met batterye werk. Dit dek ook die elektriese werkverrigtings- en gepaardgaande vereistes vir monochroom- en kleurtelevisieontvangers vir sover dit hul saambruikbaarheid met die televisiesendstelsel(1) van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie betref.

(1) Hierdie stelsel word in SAUK-spesifikasie "Spesifikasie van televisiestandaarde vir 625-lyn-sisteem-I-uitsending in die Republiek van Suid-Afrika" beskryf. Verkrygbaar van:

Beheeringenieur, Inligting
SAUK
Posbus 8606
Johannesburg.

DEPARTMENT OF INDUSTRIES

No. 1716 29 September 1972

STANDARDS ACT, 1962

PROPOSED COMPULSORY STANDARD SPECIFICATION FOR ELECTRICAL SAFETY AND SYSTEM COMPATABILITY OF COLOUR AND MONOCHROME TELEVISION RECEIVERS

Notice is given in terms of section 15 (3) of the Standards Act, 1962, that the Minister of Economic Affairs intends to declare the standard specification contained in the Schedule to be a compulsory standard specification.

The purport of such declaration is that as from a date to be specified no person shall, except on the authority of a valid exemption permit, sell any colour or monochrome television receiver that does not comply in all respects with the requirements of the compulsory standard specification.

Any person who wishes to object to the provisions of the proposed compulsory standard specification shall submit his objection, in writing, to the Director General, South African Bureau of Standards, Private Bag X191, Pretoria, within two months from the date of publication of this notice.

SCHEDULE

PROPOSED COMPULSORY STANDARD SPECIFICATION

ELECTRICAL SAFETY AND SYSTEM COMPATABILITY OF COLOUR AND MONOCHROME TELEVISION RECEIVERS

(Metric Units)

1. SCOPE.

This specification covers the safety requirements for colour and monochrome television receivers designed for operation at a voltage of not more than 250 V r.m.s. and the safety requirements for battery operated colour and monochrome television receivers. It also covers the electrical performance and related requirements for monochrome and colour television receivers in so far as their compatability with the South African Broadcasting Corporation Television Transmission System(1) is concerned.

(1) This system is detailed in the SABC specification "Specification of television standards for 625 line system-I transmissions in the the Republic of South Africa" obtainable from:

Controlling Engineer, Information
SABC
P.O. Box 8606
Johannesburg.

2. WOORDBEPALING.

2.1 Die volgende woordbepalings geld vir die doel van hierdie spesifikasie:

Aangeslane toevoerspanning.—Die toevoerspanning waarvoor die fabrikant die ontvanger ontwerp het.

Aangeslane uitgangsdrywing.—Die uitgangsdrywing waarvoor die fabrikant die ontvanger ontwerp het.

Aansluiter.—'n Deel van 'n ontvanger met behulp waarvan verbinding met buitegeleirs of ander apparaat gemaak word.

Amplitudemodulasie-onderdrukkingsverhouding.— 'n Syfer wat die vermoë van die ontvanger weergee om die lewering van amplitudemodulasie en dié intermodulasiekomponente wat uit die amplitudemodulasie ontstaan, van die ontvangerbane wat vir die demodulasie, versterking en lewering van 'n frekwensiegemoduleerde sein ontwerp is, te onderdruk.

Antenne-ingangsimpedansie.—Die impedansie wat die ontvanger by die antennesok bied.

Antennesok.—'n Sok wat uitsluitelik aangebring is om die ontvanger met die antennestelsel te verbind.

Batteryontvanger.—Ontvanger wat met 'n akkumulator of droë batterye of albei werk.

Beeldfrekwensiesteurverhouding.—Die verhouding, in desibel uitgedruk, tussen die ingangseinpeil by die beeldfrekwensie en die ingangseinpeil by die frekwensie waarop die ontvanger ingestem is; albei lewer 'n gespesifiseerde video-uitgangspanning wanneer hulle tot dieselfde diepte gemoduleer is.

Die beeldfrekwensie is gelyk aan die frekwensie waarop die ontvanger ingestem is plus twee keer die tussen frekwensie.

Beeldmodulasiepersentasie.—Die beeldseinpeil (op 'n gegewe moment) uitgedruk as 'n persentasie van die piekwitpeil.

0 Persent beeldmodulasie stem ooreen met swartpeil en 100 persent beeldmodulasie met piekwitpeil. Tussenwaardes stem ooreen met tussenpeile van die beeldsein.

Bel.—Die fundamentele logaritmiese skaalindeling wat gebruik word om die verhouding tussen twee gespesifiseerde hoeveelhede drywing uit te druk, waarby die getal bel wat hierdie verhouding uitdruk, die logaritme tot die grondtal 10 van hierdie verhouding is.

Beskikbare ingangsdrywing.—Die drywing wat die kunsantennenetwerk aan 'n aangepaste las lewer.

Beskikbare ingangsdrywing $= E_2/4R$

waar E = die oopbaanspanning by die uitgang van die kunsantenne, volt.

R = die bronweerstand wat aan 'n ontvanger gebied word, ohm.

Buurkanaalsteurverhouding.—Die verhouding, uitgedruk in desibel, tussen piekwit-tot-swartpeil-amplitude van die sein waarop die ontvanger ingestem is en steurseinpeilamplitude wat voortgebring word deur 'n sein op 'n kanaal langs die kanaal waarop die ontvanger ingestem is.

Definisie.—Die maksimum getal lyne wat in die vertikale sowel as die horisontale rigtings op 'n beeldskerm gedefinieer kan word.

Desibel (dB).—Een tiende van 'n bel. Die getal desibel wat die verhouding tussen twee gespesifiseerde of geïmpliseerde hoeveelhede drywing aandui, is 10 maal die logaritme tot die grondtal 10 van hierdie verhouding.

2. DEFINITIONS.

2.1 For the purposes of this specification the following definitions shall apply:

Accessible part.—A part which, when tested in accordance with 6.26, can be touched by the standard test finger.

Adjacent channel interference ratio.—The ratio, expressed in decibels, between the peak-white-to-black-level signal amplitude of the signal to which the receiver is tuned and the interference signal level amplitude produced by a signal on a channel adjacent to the channel to which the receiver is tuned.

Aerial input impedance.—The impedance presented by the receiver at the aerial socket.

Aerial socket.—A socket provided exclusively for the connection of the receiver to the aerial system.

Amplitude-modulation suppression ratio.—A figure representing the ability of the receiver to suppress the output of amplitude-modulation and those inter-modulation components originating from the amplitude modulation, from those circuits of the receiver that are designed for demodulation, amplification and output of a frequency-modulated signal.

Artificial aerial.—A network by which the electrical properties of a receiving aerial are simulated during tests.

Artificial load.—A resistance of value equal to the modulus of the impedance at the test frequency, of the speech coil of the loudspeaker used with the receiver.

Automatic chroma control.—The operation of a circuit whereby the overall gain of the chroma circuit is automatically adjusted to reduce the variation of the chroma output due to changes, within specified limits, of the received colour burst.

Available input power.—The power delivered by the artificial aerial network to a matched load.

Available input power $= E^2/4R$;

where E = the open circuit voltage at the output of the artificial aerial, volts;

R = the source resistance presented to a receiver, ohms.

Battery operated receiver.—A receiver operating on an accumulator or dry batteries, or both.

Bel.—The fundamental division of a logarithmic used to express the ratio of two specified amounts of power, the number of bels denoting such a ratio being the logarithm to the base 10 of this ratio.

Black level.—The lowest level of the luminance component of the signal in the active line period.

Brightness transfer.—The relationship between the luminance and the corresponding picture modulation percentage.

By hand.—(Performed) without the use of a tool.

Clearance distance.—The shortest distance, measured in air, between conductive parts.

Creepage distance.—The shortest distance, measured in air over the surface of insulation, between conductive parts.

Colour killing.—The automatic switching out of the chroma circuits of the receiver when the receiver is tuned to a monochrome transmission.

Contrast.—The ratio of the luminance of a peak white area of the picture screen to the luminance of a black area of the picture screen.

Current and voltage values.—Unless otherwise stated in this specification, the r.m.s. values of current or voltage, as relevant.

Decibel (dB).—One-tenth of a bel, the number of decibels denoting the ratio of two specified or implied amounts of power being 10 times the logarithm to the base 10 of this ratio.

Die afkorting "dB" word ook gebruik om spannings- en stroom verhoudings uit te druk. Die juiste verhoudings is:

$$\text{Getal dB} = 20 \log_{10} \frac{V_1}{V_2} \text{ of } 20 \log_{10} \frac{I_1}{I_2}$$

Hierdie formules geld wanneer die impedansies by die verwysingspunte waar die spannings en strome voorkom, identies is.

Desibelagtervoegsels.—'n Desibelverhouding wat met 'n gespesifiseerde verwysingsgrootheid verband hou.

Hierdie desibelverhouding bepaal die peil van die nuwe grootheid. Die verwysingsgrootheid wat gebruik word om die nuwe drywings-, spannings-, stroom- of veldsterktepeil uit te druk, word deur middel van 'n agtervoegsel wat met dB in verband staan, aangedui. Verwysings en agtervoegsels wat gebruik word, is:

Tipe peil	*Verwysing*	*Afkorting*
Drywing.....	1 pikowatt.....	dB (pW).
Spanning....	1 volt.....	dB (V).
Stroom.....	1 ampère.....	dB (A).
Veldsterkte..	1 volt per meter....	dB (V/m).

Draagbare ontvanger.—'n Ontvanger wat spesifiek ontwerp is om met die hand gedra te word.

Elektromagnetiese steuring.—Die elektromagnetiese energie wat van die ontvanger uitgestraal word.

FM-steurverhouding.—Die verhouding, uitgedruk in desibel, tussen die amplitude van die piekwit-tot-swartpeil van die sein waarop die ontvanger ingestem is en die amplitude van 'n steursein in die FM-band.

Frekwensiebande.—FM-band: 87,5 tot 108 MHz; band III (BHF): 174 tot 253,950 MHz; band IV en V (UHF): 470 tot 960 MHz.

Gereedskap.—'n Voorwerp wat gebruik word vir enige werk wat nie met die hand uitgevoer kan word nie.

Helderheidsoordrag.—Die verhouding tussen die luminansie en die ooreenstemmende beeldmodulasiepersentasie.

Hertz (Hz).—'n Frekwensie-eenheid gelyk aan een siklus per sekonde (s/s).

Ingestem.—Beskrywend van 'n televisie-ontvanger wat op so 'n wyse ingestel is dat die werkverrigting daarvan optimaal is volgens die vereistes van hierdie spesifikasie.

Intrinsiek veilige beeldbuis.—'n Beeldbuis wat geen bykomende beveiliging nodig het wanneer dit in sy kabinet gemonteer is nie.

Instembereike (van 'n ontvanger).—Die frekwensiebereike waarin die ontvanger gewoonweg kan werk.

Kleuronderdrukking.—Die outomatiese uitskakeling van die chromabane van die ontvanger wanneer die ontvanger op monochroomuitsending ingestem word.

Kontras.—Die verhouding van die luminansie van 'n piekwitdeel van die beeldskerm tot die luminansie van 'n swart deel van die beeldskerm.

Kragnet.—'n Kragbron wat buite die ontvanger geleë is en nie uitsluitlik gebruik word om die ontvanger van krag te voorsien nie.

Kruipafstand.—Die kortste afstand tussen geleierdele, in die lug oor die isolasieoppervlak gemeet.

Kunsantenne.—'n Netwerk wat die elektriese eienskappe van 'n ontvangsantenne tydens toetse naboots.

Kunslas.—'n Weerstand waarvan die waarde gelyk is aan die modulus van die impedansie by die toetsfrekwensie van die spraakspoel van die luidspreker wat met die ontvanger gebruik word.

Lewendige deel.—'n Deel wat in een of meer van die volgende kategorieë val:

(a) 'n Deel wat 'n lekstroom het wat groter is as die toepaslike maksimum waarde wat vir toeganklike aansluiters in 3.4.5 gespesifiseer is;

The abbreviation "dB" is also used to express voltage and current ratios, the relations being:

$$\text{Number of dB} = 20 \log_{10} \frac{V_1}{V_2} \text{ or } 20 \log_{10} \frac{I_1}{I_2}.$$

These formulae apply when the impedances at the reference points at which the voltages and currents occur, are identical.

Decibel suffixes.—A decibel ratio related to a specified reference quantity.

This decibel ratio will define the level of the new quantity. The reference quantities used in expressing the levels of power, voltage, current or field strength are indicated by means of a suffix associated with dB. The references used and their suffixes are:

Type of level	*Reference*	*Abbreviations*
Power.....	1 picowatt.....	dB (pW).
Voltage.....	1 volt.....	dB (V).
Current.....	1 ampère.....	dB (A).
Field strength	1 volt per metre...	dB (V/m).

Distortion.—Unwanted components of a signal that appear at the output of a receiver and that are not present at the input to the receiver.

Electromegnetic interference.—The electromagnetic energy radiated from the receiver.

FM interference ratio.—The ratio, expressed in decibels, between the amplitude of the peak-white-to-black-level of the signal to which the receiver is tuned, and the amplitude of an interference signal that is in the FM band.

Frequency bands.—FM band: 87,5 to 108 MHz; Band III (V.H.F.): 174 to 253,950 MHz; Bands IV and V (U.H.F.): 470 to 960 MHz.

Hertz (Hz).—A unit of frequency equal to one cycle per second (c/s).

Image-frequency interference ratio.—The ratio, expressed in decibels, between the input signal level at the image frequency and the input signal level at the frequency to which the receiver is tuned, both giving a specified video output voltage when modulated to the same depth.

The image frequency is equal to the frequency to which the receiver is tuned plus twice the intermediate frequency.

Intermediate frequency.—In superheterodyne reception, the frequency to which an incoming signal is changed.

Intermediate-frequency interference ratio.—The ratio, expressed in decibels, between the input signal level at the intermediate frequency and the input signal level at the frequency to which the receiver is tuned, both giving a specified video output voltage when modulated to the same depth.

Intrinsically safe picture tube.—A picture tube that when mounted in its cabinet needs no additional protection.

Live (alive) part.—A part that falls into one or more of the following categories:

(a) A part that has a leakage current greater than the appropriate maximum specified for accessible terminal devices in 3.4.5;

(b) a part other than an aerial terminal that has a capacitive discharge greater than the appropriate maximum specified for accessible terminal devices in 3.4.6 (b);

(c) an accessible metal part—other than an isolated metal part (e.g. a screen, a rivet, a metal part used for decorative or informative purposes) that complies with the requirements of 3.6.1 and 3.6.2—that is not connected to the safety earthing terminal.

Level.—The magnitude, in general form, of an electrical quantity.

(b) 'n deel, uitgesonderd 'n antenneklem, wat 'n kapasitiewe ontlading het wat groter is as dié wat vir aansluiters in 3.4.6 (b) gespesifiseer is;

(c) 'n toeganklike metaaldeel—uitgesonderd 'n geïsoleerde metaaldeel (bv. 'n skerm, 'n klinknael, 'n metaaldeel wat vir versiering of ter inligting gebruik word) wat aan die vereistes van 3.6.1 en 3.6.2 voldoen—wat nie met die veiligheidsaardingsklem verbind is nie.

Luminansie.—Die verhouding—tussen die ligintensiteit in 'n gegewe rigting—van 'n oneindig klein element van 'n oppervlak en die ortogonaal geprojekteerde oppervlak van hierdie element op 'n vlak wat loodreg op daardie rigting is. (Luminansie word in cd/m² uitgedruk.)

Maksimum nuttige elektriese uitgangsdrywing (MNUD).—Die laagste waarde van die gemiddelde oudio-uitgangsdrywing waarby die totale bofrekwensievervorming met inbegrip van toevallige ruis 10 persent uitmaak.

Matrikswerking.—Die opwek van die verlangde kleurseine uit die luminansie- en chrominansiekomponente van die ontvangde sein.

Met die hand: (Uitgevoer) sonder gereedskap.

Normale werking van 'n ontvanger.—Die werking van 'n ontvanger wat opgestel is om 'n trappatroon te vertoon (kyk 6.4.1) en wat ingestel is om 'n standaardbeeld te vertoon en by 'n audiosein van 1 000 Hz die standaard uitgangsdrywing te lewer.

Ontvanger.—'n Toestel wat 'n televisiesein wat dit gebied word deur 'n antennestelsel, kan ontvang en uit hierdie sein—

(a) die video-inligting kan neem en dit op 'n beeldskerm kan vertoon; en

(b) die oudio-inligting kan neem en dit met behulp van 'n luidspreker kan weergee.

Outomatiese chromareëling.—Die werking van 'n stroombaan waardeur die totale wins van die chromabaan outomaties gereël word om die wisseling in die chromalewering wat te wyte is aan veranderinge, binne die gespesifiseerde grense, van die ontvangde kleursarsie te verminder.

Peil.—Die grootte, in algemene vorm, van 'n elektriese grootheid.

Piekwitpeil.—Die hoogste peil van die luminansiekomponent van die sein in die aktiewe lynperiode.

Raster.—'n Vooraf bepaalde patroon van skanderingslyne wat 'n hoofsaaklik eenvormige dekking van 'n oppervlak bied.

Ruisbeperkte sensitiwiteit (oudio).—Die minimum ingangseinpeil wat standaarduitgangsdrywing lewer, waarby enige gespesifiseerde waarde van die sein-ruisverhouding verkry word.

Ruisbeperkte sensitiwiteit (video).—Die minimum ingangseinpeil wat 'n standaardbeeld lewer, waarby die gespesifiseerde waarde van die sein-ruisverhouding verkry word.

Seinruisverhouding.—Die verhouding tussen die uitgangsdrywing, in die geval van die oudiodeel, of die top-tot-top-spanning, in die geval van die videodeel, wat die gevolg is van die sein, en die uitgangsdrywing of uitgangspanning (soos toepaslik) wat die gevolg is van die agtergrondgeruis; die uitgangsdrywing word oor die kunslas en die spanning oor die beeldbuiselektrodes gemeet.

Selektiwiteit (van 'n ontvanger).—Die vermoë van 'n ontvanger om uit die seine wat die ingangsklemme opgelê word dié seine uit te skakel met frekwensies buite die televisiekanaal waarop die ontvanger ingestem is.

Skermgrootte.—Die nominale diagonale afmeting van die ortogonaal geprojekteerde oppervlakte van 'n beeldbuisomhulselvoorvlak.

Spannings- en stroomwaarde.—Tensy daar anders in die spesifikasie vermeld word, die w.g.k.-waardes van die stroom of die spanning, soos toepaslik.

Luminance.—The ratio between the luminous intensity—in a given direction—of an infinitesimal element of a surface and the orthogonally projected area of this element on a plane perpendicular to that direction. (Luminance is expressed in cd/m².)

Matrixing.—The generation of the required colour signals from luminance and chrominance components of the received signal.

Maximum useful electrical output power (MUOP).—The lowest value of the average audio output power at which the overall harmonic distortion including random noise amounts to 10 per cent.

Noise limited sensitivity (audio).—The minimum input signal level that gives standard output power at which a stated value of signal-to-noise ratio is achieved.

Noise limited sensitivity (video).—The minimum input signal level, giving standard image, at which the specified value of signal-to-noise ratio is achieved.

Normal operation of a receiver.—Operation of a receiver that is set up to display a staircase pattern (see 6.4.1) adjusted to standard image and to deliver standard output power at an audio signal of 1 000 Hz.

Peak white level.—The highest level of the luminance component of the signal in the active line period.

Picture modulation percentage.—The picture signal level (at any given moment) expressed as a percentage of the peak white level.

0 Per cent picture modulation corresponds to the black level, and 100 per cent picture modulation corresponds to the peak white level. Intermediate values correspond to intermediate levels of the picture signal.

Portable receiver.—A receiver specifically designed to be carried by hand.

Raster.—A predetermined pattern of scanning lines which provide substantially uniform coverage of an area.

Rated output power.—The output power for which the manufacturer has designed the receiver.

Rated supply voltage.—The supply voltage for which the manufacturer has designed the receiver.

Receiver.—A device capable of receiving a television signal presented to it from an antenna system, and of extracting from this signal—

(a) the video information and displaying it on a picture screen; and

(b) the audio information and reproducing it by means of a loudspeaker.

Resolution.—The maximum number of lines that can be resolved in both the vertical and the horizontal directions on a picture screen.

Safety earthing terminal.—The terminal on a receiver to which all parts required to be earthed are electrically connected.

Safety switch.—A device that interrupts both poles of the supply mains when a cover is opend.

Screen size.—The nominal diagonal dimension of the orthogonally projected area of a picture tube envelope face.

Selectivity (of a receiver).—The ability of a receiver to reject from the signals impressed on its input terminals those signals that have frequencies outside the television channel to which the receiver is tuned.

Signal-to-noise ratio.—The ratio between the output power in the case of the audio section or the peak-to-peak voltage in the case of the video section, due to the signal, and the output power or output voltages (as relevant) due to the random noise, output power being measured across the artificial load, and voltage across the picture tube electrodes.

Standaardbeeld.—'n Vertoning waarin, in die afwesigheid van omgewingverligting, die dele van die beeld wat ooreenstem met piekwitpeil 'n luminansie van 60 cd/m² het en dié wat ooreenstem met swartpeil 'n luminansie van 6 cd/m² het.

Standaardbeeldvideo-uitgangspanning.—Die spanningsekskursie tussen swartpeil en piekwitpeil by die elektrodes van die beeldbuis wanneer die standardbeeld vertoon word.

Standaarduitgangsdrywing (SUD).—'n Uitgangsdrywing van 500 mW, maar indien die verskil tussen 500 mW en MNUD minder as 20 dB is, 'n uitgangsdrywing van 50mW en indien die verskil tussen 50 mW en MNUD minder as 3 dB is, 'n uitgangsdrywing van 5 mW.

Stelselsaambruikbaarheid.—Die vermoë van die ontvanger om aan die vereistes van hierdie spesifikasie te voldoen wanneer 'n televisiesein wat ooreenstem met die televisiesendstelsel van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie, ontvang word.

Swartpeil.—Die laagste peil van die luminansiekomponent van die sein in die aktiewe lynperiode.

Televisiesein.—'n Radiofrekwensiesein wat, in ooreenstemming met die televisiesendstelsel wat gebruik word, video- sowel as oudio-inligting bevat.

Termiese klink.—'n Toestel wat die voortduur, in sekere dele van die apparaat, van temperature wat brand, besering of skade kan veroorsaak, verhoed deur die toevoerbron te ontkoppel.

Toeganklike deel.—'n Deel wat, volgens 6.26 getoets, met die standaardtoetsvinger aangeraak kan word.

Toetskaart.—'n Kombinasie patrone wat soveel moontlik inligting bied oor die werkverrigting van 'n ontvanger.

Tussenfrekwensie.—In superheterodine-ontvangs, die frekwensie waarna 'n inkomende sein verander word.

Tussenfrekwensiesteurverhouding.—Die verhouding, in desibel uitgedruk, tussen die ingangseinpeil by die tussenfrekwensie en die ingangseinpeil by die frekwensie waarop die ontvanger ingestem is; albei lewer 'n gespesifiseerde video-uitgangspanning wanneer hulle tot dieselfde diepte gemoduleer is.

Veiligheidsaardingsklem.—Die klem aan 'n ontvanger waaraan alle dele wat geaard moet wees, elektries verbind is.

Veiligheidskakelaar.—'n Toestel wat die toevoer van beide pole van die kragnet onderbreek wanneer 'n deksel oopgemaak word.

Vervorming.—Ongewenste komponente van 'n sein wat by die uitgang van 'n ontvanger voorkom en wat nie by die ingang van die ontvanger aanwesig is nie.

Videomodulasiefrekwensieweergawe (van 'n ontvanger).—Die verhouding tussen die video-uitgangspanning op die elektrodes van die beeldbuis en die modulasiefrekwensie wanneer die modulasiefrekwensie by konstante spanning is.

Videosein.—'n Sein wat bestaan uit beeldinligting en die volledige sinchroniseringsinligting en wat in ooreenstemming is met die standaarde van die televisiestelsel wat gebruik word.

Vry ruimte.—Die kortste afstand, in die lug gemeet, tussen geleierdele.

3. VEILIGHEIDSVEREISTES.

3.1 MEGANIESE WERKVERRIGTING.—Lewendige dele mag nie op hout gemonteer wees nie. Alle elektriese en aardverbindings moet goeie elektriese kontak verseker.

3.2 TEMPERATUURGRENSE.—Oppervlakke wat nie slegs bedoel is vir momentele aanraking nie, mag nie na 'n normale werking van vier uur by 'n omgewingstemperatuur van 25 ± 2° C en by 'n klanklewering ingestel vir een agtste van die aangeslane uitgangsdrywing, indien toepaslik, 'n groter temperatuurstyging hê as die toepaslike waardes wat in Tabel 1 aangegee word nie.

Standard image.—A display in which, in the absence of ambient illumination, the parts of the picture corresponding to peak-white level have a luminance of 60 cd/m², and those corresponding to black level have a luminance of 6 cd/m².

Standard output power (SOP).—An output power of 500 mW but, if the difference between 500 mW and MUOP is less than 20 dB, an output power of 50 mW, and if the difference between 50 mW and MUOP is less than 3 dB, an output power of 5 mW.

Standard image video output voltage.—The voltage excursion between black level and peak white level at the electrodes of the picture tube when the standard image is displayed.

Supply mains.—A power source external to the receiver and not used solely to supply the receiver.

System compatability.—The ability of the receiver to meet the requirements of this specification when receiving a television signal that is in accordance with the South African Broadcasting Corporation Television Transmission System.

Television signal.—A radio-frequency signal that contains both video and audio information in accordance with the television transmission system used.

Terminal device.—A part of a receiver by which connection is made to external conductors or other apparatus.

Test card.—A combination of patterns that offer as much information as possible on the performance of a receiver.

Thermal release.—A device which prevents the maintenance, in certain parts of the receiver, of temperatures which may cause fire, injury or damage, by disconnecting the source of supply.

Tool.—An object used for any operation that cannot be performed by hand.

Tuned.—Descriptive of a television receiver that is so adjusted as to give optimum performance in accordance with this specification.

Tuning ranges (of a receiver).—The frequency ranges in which the receiver can work normally.

Video modulation frequency response (of a receiver).—The relation between the video output voltage on the electrodes of the picture tube and the modulation frequency when the modulating frequency is of constant voltage.

Video signal.—A signal consisting of picture information and the complete synchronizing information, and that is in accordance with the standards of the television system used.

3. SAFETY REQUIREMENTS.

3.1 MECHANICAL EXECUTION OF WORK.—Live parts shall not be mounted on wood. All electrical and earth connections shall ensure good electrical contact.

3.2 TEMPERATURE LIMITS.—After four hours of normal operation at an ambient temperature of 25±2° C and, if applicable, with the audio output power set to one-eighth of the rated output power, the rise in temperature of surfaces intended to be touched more than momentarily shall not exceed the appropriate value(s) given in Table 1.

TABEL 1

1	2
Onderdele van die ontvanger	Toelaatbare temperatuurstyging, °C
Metaaldele:	
(a) Knoppe, handvatsels	20
(b) Omhulsel	30
Nie-metaaldele:	
(a) Knoppe, handvatsels	40
(b) Omhulsel	50

3.3 BESKERMING VAN LEWENDIGE DELE.

3.3.1 *Algemeen.*—Lewendige dele mag nie gedurende normale gebruik toeganklik wees of toeganklik raak nie, en die oopmaak van enige omhulsel wat met die hand oopgemaak kan word, mag nie lewendige dele toeganklik maak nie.

3.3.2 *Buiteknoppe.*—Buiteknoppe, handvatsels, nie-metaalasse en dergelike inrigtings wat vir die bediening van onderdele gebruik word en wat, as hulle verwyder word, lewendige dele toeganklik maak, moet deur middel van vasskroefinrigtings vasgeheg word en mag slegs met behulp van gereedskap verwyder kan word. Volgens 6.24 getoets, mag hulle geen teken van beskadiging toon nie en moet die ontvanger steeds voldoen aan die vereistes van 3.6.2.

3.3.3 *Openinge.*—Openinge in die omhulsel van die ontvanger (met inbegrip van dié wat deur tekstiel- en soortgelyke materiaal bedek is) moet so wees dat hulle nie lewendige dele toeganklik maak nie. Openinge vir buitekoorde moet sodanig wees dat beskadiging van die isolasie van die koord gedurende normale gebruik verhoed word.

3.3.4 *Buiteomhulsel.*—Volgens 6.23 en 6.24 getoets, mag die buiteomhulsel (kas) van die ontvanger nie sodanig beskadig wees dat dit enige gevaar van elektriese skok, brand of bestraling kan veroorsaak nie. Draagbare en metaalomhulde ontvangers moet daarbenewens so wees dat, nadat dit aan die toets in 6.25 onderwerp is, enige beskadiging van die omhulsel of die losgaan van 'n verbinding, skroef of ander onderdeel nie enige van die voormelde gevare inhou nie. Indien die kas van metaal gemaak is, moet dit met die veiligheidsaardingsklem verbind wees.

3.4 AANSLUITERS.

3.4.1 *Isolasieweerstand.*—Volgens 6.31 (b) bepaal, moet die isolasieweerstand tussen 'n aansluiter—uitgesonderd dié vir kragnet- en antenneverbinding—en die kragnetpole minstens 2 mega-ohms wees.

3.4.2 *Proppe en sokke.*—Proppe en sokke, uitgesonderd dié vir kragnetverbindings, mag geen gevaar van elektriese skok inhou nie, mag nie met proppe en sokke vir kragnetverbindings verwisselbaar wees nie, en volgens 6.26 getoets, mag hulle geen kontak maak met 'n lewendige deel nie.

3.4.3 *Antenne-, aard- en batteryvervangeraansluiters.*—Geen aansluiters vir antenne en aarde mag lewendig wees nie. In die geval van batteryvervangers mag aansluiters vir verbinding aan batterytoestelle nie lewendig wees nie.

3.4.4 *Veiligheidsaardingsklem.*—Indien die ontvanger voorsien is van 'n veiligheidsaardingsklem—

(a) moet die veiligheidsaardkontak 'n integrerende deel van die sok uitmaak in die geval van 'n ontvanger wat van 'n verbindersok vir die kragnet voorsien is; en

(b) mag die weerstand van die aardverbinding, volgens 6.27 getoets, nie 0,1 ohm oorskry nie.

TABLE 1

1	2
Parts of the receiver	Permissible temperature rise, °C
Metal parts:	
(a) Knobs, handles	20
(b) Enclosure	30
Non-metallic parts:	
(a) Knobs, handles	40
(b) Enclosure	50

3.3 PROTECTION OF LIVE PARTS.

3.3.1 *General.*—Live parts shall not be accessible or become accessible during normal use, and the opening of any enclosure capable of being opened by hand shall not render live parts accessible.

3.3.2 *External knobs.*—External knobs, handles, non-metallic shafts, and similar devices that operate component parts and that, on removal, render live parts accessible, shall be attached by captive fixing devices, shall require the use of a tool for their removal and, after being tested in accordance with 6.24, they shall show no sign of damage and the receiver shall still comply with the requirements of 3.6.2.

3.3.3 *Openings.*—Openings in the enclosure of the receiver—including those covered by textile or similar materials—shall be such that they do not render live parts accessible. Openings for external cords shall be such as to prevent damage to the insulation of the cord during normal use.

